LAERSKOOL **ELARDUSPARK**
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Omsendbrief 8/2020

16 Maart 2020

Geagte Ouers

SKOOLSLUITING A.G.V. COVID 19

Soos aangekondig deur President Ramaphosa op Sondag, 15 Maart 2020 is Suid Afrika tot 'n Nasionale ramptoestand verklaar a.g.v. Covid 19. Hierdie aankondiging het verreikende implikasies op die onderwys. Ons as skool deel graag met u die volgende aksieplanne.

Skoolaktiwiteite

- Die President het afgekondig dat byeenkomste van meer as 100 mense nie toelaatbaar is nie. Dit beteken dat alle sportbyeenkomste en toere wat beplan was om tussen 16 Maart en 14 April plaas te vind, met onmiddellike effek tot verdere kennisgewing gekanselleer word. Finansiële implikasies sal bespreek word en later aan u gekommunikeer word.
- Geen sport, kultuur of akademiese aktiwiteite, intern of ekstern, sal plaasvind op die skoolterrein vanaf Maandag, 16 Maart tot Maandag,13 April 2020 nie.
- Die skool se Naskoolsentrum asook die Gr. R - Naskoolsentrum word vanaf Dinsdag, 17 Maart 2020 om 17:30 gesluit tot en met Maandag, 13 April 2020. Alternatiewe reëlings t.o.v. toesig sal deur ouers self getref moet word.
- Leerders wat afwesig is vanaf 16 – 17 Maart 2020 sal afwesig gemerk word.
- Verlore akademiese tyd sal ingehaal word. Dit wil voorkom of die Junie-vakansie met 'n week verkort gaan word. 'n Volledige plan van aksie sal spoedig aan u deurgegee word.
- Die President het ook aangekondig dat alle skole Dinsdag, 17 Maart 2020 gesluit moet word. **Laerskool Elarduspark sluit Dinsdag gewone tyd.**

Voorkomingsmaatreëls:

- Leerders moet asb hulle hande was gedurende die skooldag. Die nodige voorsorgmaatreëls is alreeds getref vir ontsmetting gedurende klastyd.
- Geen fisiese kontak soos handskud word tussen leerders of onderwysers toegelaat nie.
- Leerders wat siek is mag nie skool bywoon nie. Indien 'n leerder ernstig siek is moet die dokter bevestig dat hy/sy nie 'n aansteeklike siekte het nie alvorens hy/sy weer skool bywoon.

Vir volledige inligting oor die verspreiding, voorkoming, behandeling en algemene advies oor die Coronavirus, besoek die National Institute for Communicable Diseases (NICD) se webtuiste (www.nicd.ac.za) of kontak hulle by **0800 029 999.**

Indien daar verdere kommunikasie ontvang word deur die Departement van Onderwys sal dit met u gekommunikeer word.

Dankie vir u begrip en ondersteuning in die verband

Vriendelike groete

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF